# AANHANGSEL A

**JAARLIKSE TOEKENNINGS**

Die Raad van die Friesperdtelersgenootskap van SA het dit goed gedink om vanaf 2018 telers, vertoners en perde te beloon vir hul harde werk en moeite om skoue by te woon deur die volgende toekennings te maak:

- VERTONER MET DIE MEESTE PUNTE
- VERTONER VAN KAMPIOENE
- TELER VAN KAMPIOENE
- SKOU-HINGS VAN DIE JAAR
- SKOU-PERD VAN DIE JAAR
- SANESA
- EERVOLLE VERMELDING
- PRESIDENTS TOEKENNING

---

**VERTONER MET DIE MEESTE PUNTE**

Punte word slegs op amptelike skoue toegeken in klasse en Kampioenskappe waar slegs die perd beoordeel word, dus Ruiterkunsklasse en Kampioenskappe uitgesluit.

Punte word as volg toegeken:

| Nasionale Skou | Streekskou |
|---|---|
| Punte word verdubbel | 1ste - 5 punte |
| (sien berekening) | 2de - 4 punte |
| | 3de - 3 punte |
| | 4de - 2 punte |
| | 5de - 1 punt |

Berekening van punte :

Die punte word vermenigvuldig met die getal deelnemers in die klas of kampioenskap sodat presteerders van groter klasse of kampioenskappe meer punte verdien as die perd wat alleen deelgeneem het bv. 'n klas het 9 deelnemers, die wenner kry 5 punte x 9 deelnemers = 45 punte vir sy eienaar, soos aangedui op die inskrywingsvorm van die skou. Tydens 'n Nasionale Skou sal die toegekende punte soos volg bereken word, bv : 5 punte x 9 deelnemer = 45 x 2 = 90 punte. Die wenner kry dus 90 punte. Al die amptelike skoue se punte word bymekaar getel om die vertoner se finale punte vir die jaar te bepaal.

---

**VERTONER VAN KAMPIOENE**

Punte word slegs op amptelike skoue toegeken vir alle Kampioenskappe.

Punte word as volg toegeken:

| Nasionale Skou | Streekskou |
|---|---|
| Kampioen - 4 punte | 2 punte |
| Res Kampioen – 2 punte | 1 punt |

Al die amptelike skoue se punte word bymekaar getel om die eienaar, soos op die inskrywingsvorm, se finale punte vir die jaar te bepaal.

**TELER VAN KAMPIOENE**

Punte word slegs op amptelike skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Agt.

Slegs die voorvoegsels soos op die skou uitslae van die perde verdien punte en nie die huidige eienaar of vertoner nie. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir hul onderskeie voorvoegsels.

Punte word as volg toegeken:

| Nasionale Skou | Streekskou |
|---|---|
| Kampioen - 4 punte | 2 punte |
| Res Kampioen – 2 punte | 1 punt |

Al die amptelike skoue se punte word bymekaar getel om die Teler se finale punte vir die jaar te bepaal.

---

Die amptelike skou vir 2018 was Bloemfontein en Tulbagh en die uitslag is as volg:

**SKOU-HINGS VAN DIE JAAR**

Die toekenning word gemaak aan ʼn Hings wat se nageslag goed in die skoubaan presteer, slegs Kampioene en Reserwe Kampioene word in aanmerking geneem.

Punte word slegs op amptelike skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Agt.

Slegs die Vader van die perde verdien punte en nie die huidige eienaar of vertoner nie. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir hul onderskeie Vaders.

Punte word as volg toegeken:

| Nasionale Skou | Streekskou |
|---|---|
| Kampioen - 4 punte | 2 punte |
| Res Kampioen – 2 punte | 1 punt |

Al die amptelike skoue se punte word bymekaar getel om die Hings se finale punte vir die jaar te bepaal.

---

**SKOU-PERD VAN DIE JAAR**

Die toekenning word gemaak aan ʼn perd wat die meeste punte kan insamel in Kampioenskappe.

Punte word slegs op amptelike skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Agt. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir homself.

Punte word as volg toegeken:

| Nasionale Skou | Streekskou |
|---|---|
| Kampioen - 10 punte | 5 punte |
| Res Kampioen – 8 punte | 4 punte |
| 3de Kampioen – 6 punte | 3 punte |
| 4de Kampioen – 4 punte | 2 punte |
| 5de Kampioen – 2 punte | 1 punt |

Waar twee perde dieselfde punte het word die perd wat meermaal geplaas is in kampioenskappe in die hoër posisie geplaas op die ranglys tussen die twee.

Al die amptelike skoue se punte word bymekaar getel om die perd se finale punte vir die jaar te bepaal.

**SANESA :**

’n Ruiter wat uitmuntend tydens SANESA gevaar het.

---

**EERVOLLE VERMELDING**

a) Daar is nie ’n toekenning nie, maar ons kan nie anders as om melding te maak van sekere perde nie;
b) Stoete wat aan alle skoue deur die jaar deelgeneem het;

---

**PRESIDENTS TOEKENNING**

Dit is die Grootste toekenning van die Jaar en kan gemaak word aan ’n Vertoner, Teler, Perd of Persoon wat in oordeel van die President en Raad in die betrokke jaar die hoogste sport bereik het.

---

**Die akkuraatheid van die puntetoekennings is onderhewig aan die volledigheid en korrektheid van skou uitslae en die vertoners se inskrywingsvorms vir die skoue.**

**Die Genootskap en lede van die Raad aanvaar dus geen aanspreeklikheid vir ’n foutiewe berekening nie.**